# "ONSKULDIG" teenoor "SKULDIG"

## Die Christendom teenoor Judaïsme

1. Pontius Pilatus was 'n Romein. Rome het die Son aanbid soos wat ons dit later aan van Konstantyn sou erf. Maar ... Pilatus het toe sy hande in onskuld gewas (Matt. 27:24) en gesê dat JaHUsha NIE SKULDIG WAS NIE (Luk. 23:4, Joh. 18:38) terwyl hy **Hom wou vrylaat** (Joh. 18:39).

   Teenoor ...

2. Juda(s) wat die onskuldige JaHUsha verloën het (Matt. 16:14 – 16, Matt. 27:3 – 4) en die Jode/Judaïsme wat BarAbba(s) gekies het, het JaHUsha SKULDIG BEVIND (Matt. 27:12, 22, 23, 25, Mark. 15, Luk. 23:2, Joh. 18:30, 35), terwyl hulle **Hom nie wou vrylaat nie**, maar uitgeroep het dat Hy gekruisig/gedood moes word.

Dus ...

1. Was Pilatus **'n tipe** wat vir ons toon hoedat ons steeds JaHUsha in die Christelike Godsdiens kon vind terwyl die Christendom uiterlik aangetrek is in Egiptiese Songodaanbiddingsklere, net soos wat Josef (as 'n tipe van JaHUsha) die wêreld van daardie tyd gered het, terwyl hy aangetrek was met Egiptiese Songodklere en getroud was die met dogter van die Priester van daardie Priesterskap?

   (So sien ons dat PILATUS 'n HART VIR JAHUSHA GEHAD HET)

   Teenoor ...

2. Met Judaïsme as **'n tipe**, het Judaïsme na ons toe gekom soos 'n Wolf in Skaapsklere deur die Messiaanse Beweging, terwyl hulle JaHUsha verloën het soos wat Juda(s) gedoen het toe hy voorgegee het dat hy 'n volgeling van JaHUsha was. Net so, op dieselfde manier word Messias JaHUsha verraai vir die "Ander" een (2 Kor. 11:4), terwyl die pad gebaan word vir Judaïsme se gekose BarAbba(s), Joh. 18:40, 2 Thess. 2.

   (Ons sien dat JUDAïSME NIE 'n HART VIR JAHUSHA GEHAD HET NIE, en HET NOG STEEDS NIE 'n HART VIR HOM HET NIE)

Die punt is ... soos in die voorbeeld van Pilatus as tipe, het die Christelike Godsdiens as "Eerste Misleiding" JaHUsha NIE SKULDIG BEVIND NIE en het hulle Sy Evangelie, Sy Goeie Nuus, geproklameer, selfs al was JaHUsha geklee soos wat Josef was, met 'n Egiptiese Songodmondering, en kon/kan Hy Verlosser van die huidige wêreld wees, soos wat Josef daardie tyd was. Soos Josef verbind was aan 'n Egiptiese Priester se dogter as Bruid, so was JaHUsha verbind aan 'n ewe Egiptiese Bruid via die Christelike Songodsdiens.

MAAR ...

In die voorbeeld van Judas/Jode as 'n tipe, is die "Laaste Misleiding" veel erger omdat JaHUsha verraai word vir die "Ander" een, naamlik BarAbba(s) (seun van vader, watter vader? Joh. 8:44), en so bevind hulle JaHUsha as Seun van DIE VADER, JaHUaH Elohiem, WEER SKULDIG en word Hy subtiel "doodgemaak" deur dit wat aangebied word oor Hom, soos in die Talmud en in die Messiaanse versteekte misleidende leringe.

Die "Onskuldig"-aankondiging het eerste gekom, so het die Christelike Godsdiens met toelating eerste na ons gekom, daarnà het die "Skuldig"-aanklag gevolg, soos in Judaïsme (wat verskuil is in die Messiaanse Beweging/Hebreeuse Wortels). Terwyl hulle "Wolf, wolf" uitroep aangaande die Christelike Godsdiens, WORD HULLE EINTLIK DIÈ WOLF wat nie vir die Skape omgee nie (Joh. 10), maar moedig hulle die subtiele Breë Weg aan (Matt. 7:13 – 14), wat die Weg van die Antimessias is (2 Joh. Vers 7 – 10, 2 Thess. 2). Party doen dit weliswaar onwetend en uit onkunde, ander doen dit willens en wetens.

Laaste maar nie die minste nie ...

DIE GOEIE NUUS WORD NOG AANGEBIED, DIE DEUR IS NOG OOP, DAAR IS NOG STEEDS TYD OM WEG TE DRAAI VAN HIERDIE BREë WEG!!

"Vandag, as julle Sy Stem hoor, verhard julle harte nie." (Heb. 3:15).

Daar is nog tyd om te luister na die Melgisèdekstem van die Goeie Herder om dààrdie Roete van die Waarheid te kan volg, wat die afgesonderde Weg na die Koninkryk van die Hemel is, sonder enige van die Twee Misleidings.

HalleluJaH!

0-0-0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Maart 2017